Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie SAWA | South African Caravan Association SACA | SAWA Noord Boland

## SAWA STREEK NOORD BOLAND

## NAWEEK KAMP TE SKURWEKOP     30 OKTOBER TOT 01 NOVEMBER

**Dit is vir ons 'n groot vooreg om aan ons lede verslag te lewer van ons streek kamp te Skurwekop.**

**DIE LEDE TEENWOORDIG WAS AS VOLG:**

**Wynand en Choppie Kotze en kinders**
**Johan en Manda du Preez**
**Marietjie Theron, haar ma en kinders**
**Anna Oosthuizen**
**Francois en Shelma Maree**
**Gert en Ella Rossouw**

Nadat almal vrydagmiddag staan gemaak het, het die visstokke onmiddelik ere plekke langs die rivier gekry. Wynand het die kinders gehelp om aas aan hulle hoeke te kry en dan die lyne in die water gegooi. Daarna het die geduldige gewag begin. Intussen is die vure gemaak vir die gesaamentlike braai. Terwyl ons besig was met die braai, kom klein Edwin na Wynand toe en sê vir hom daar is iets by sy visstok. Eers ignorer hulle hom, maar hy bly karring tot Wynand die visstok gryp en Edwin trek toe 'n 4 kilogram karp uit die water. Ek dink dat Edwin het met daardie tevrede "smile" die volgende oggend op gestaan. Dit was een van die hoogtepunte van die naweek.

Saterdag het rustig begin met boekevat en daarna brunch gemaak en vis gevang en gekuier. Almal het angstig gewag vir die groot oomblik wanneer die Curriebeker finaal sou plaasvind. 'n Aantal van ons het die wedstryd by Gert en Ella se wa gekyk. Die uitslag is seker noual by almal bekend. Vir sommige was dit 'n aangename uitslag en vir die ander sal ons nou nie baie uitbrei nie. Geluk aan al die bloubul ondersteuners. Ons het die aand almal weer saam gebraai en saam gekuier tot laat.

Sondagoggend 09h.30 het ons kerkdiens gehou met Magda wat vir ons 'n baie treffende boodskap gebring het. Baie dankie aan Magda. Ons het ook erkennig gegee aan twee persone wat verjaar het. Marietjie se ma wat 80 geword het en Francois wat 70 geword het. Baie geluk aan altwee. Ons bid dat die Here julle nog baie jare sal seën en spaar.
Die meerderheid het vroeg begin oppak en huiswaarts beweeg. Wynand en Gert was die laaste om te vertrek.

Ek glo almal het die naweek baie geniet aangesien die weer mooi saam gewerk het en die fasiliteite van 'n hoë gehalte was.



**Francios en Shelma Kamp leker**
**Geluk met 70 jaar Francios**



**Wian met sy vis en Edwin in die agtergrond**





**Die Kamper hang uit**

**Edwin en Wian besig om te "Relax"**





**Johan en Manda rus lekker**

**Edwin die VisserMan. Sy leuse "RELAX"**





**Tannie Anna en Wimpie**

**Mariejie se ma wat 80 word.**
**Baie geluk Tannie**